

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Gods voorsienigheid?”

Skriflesing: Ester 7:1-6, 9:20-22 (1953)

¹ TOE die koning en Haman inkom om saam met koningin Ester die feesmaal te hou,

² sê die koning aan Ester ook op die tweede dag, terwyl hulle wyn drink: Wat is jou bede, koningin Ester? — dit sal jou toegestaan word. En wat is jou versoek? Al was dit die helfte van die koninkryk — daaraan sal voldoen word.

³ En koningin Ester antwoord en sê: As ek genade in u oë gevind het, o koning, en as die koning dit goedvind, laat my lewe my geskenk word op my bede en my volk op my versoek.

⁴ Want ons is verkoop, ek en my volk, om verdelg, gedood en uitgeroei te word. Was ons nog as slawe en slavinne verkoop, dan sou ek geswyg het, maar hierdie ramp sal onder die verliese van die koning sy weerga nie hê nie.

⁵ Toe spreek koning Ahasvéros en sê aan koningin Ester: Wie is hy, en waar is hy wie se hart hom ingegee het om so te maak?

⁶ En Ester sê: Die teëstander en vyand is hierdie slegte Haman! Toe skrik Haman voor die koning en die koningin. [...]

²⁰ EN Mórdegai het hierdie dinge opgeskrywe en briewe gestuur aan al die Jode wat in al die provinsies van koning Ahasvéros was, die wat naby en die wat ver was,

²¹ om vir hulle vas te stel dat hulle elke jaar die veertiende dag van die maand Adar en die vyftiende daarvan moes vier

²² as die dae waarop die Jode rus gekry het van hulle vyande, en die maand wat vir hulle van kommer in vrolikheid en van rou in 'n feesdag verander is — dat hulle daar dae van maaltyd en vrolikheid van moes maak en om mekaar lekkernye en aan die armes gawes te stuur.

Broodjies vir die pad

The Jewish orphan girl, Esther, who original name was Hadassah, lives in Persia under the protection of her cousin, Mordecai. The King of Persia is dazzled by her beauty and takes her as his Queen. In time, the King's prime minister, Haman, is offended by a perceived slight by Mordecai and attempts to convince the King that all Jews are a threat to society and should be eliminated. Risking her own position and even her life, Esther pleads for "the lives of my people." The King grants her request. He has Harman hanged on the gallows that Harman had prepared for Mordecai. Later

Mordecai sends a letter to all the Jews in Persia instructing them to observe annually that date when "the Jews gained relief from their enemies," which is still observed as Purim.

[...]

The story of Hadassah/Esther is a dramatic and inspiring reminder of the consequences of one person's singular act of valor. Similar stories might come to mind, such as that of Oskar Schindler who saved more than 1,000 Jews from the Holocaust, (which was, of course, made into a movie by Steven Spielberg and won seven Academy Awards including Best Picture in 1993).

<http://sacraconversazione.blogspot.co.za/2009/08/proper-21-year-b.html>



We failed, but in the good providence of God apparent failure often proves a blessing.

~ **Robert E. Lee**

I once asked a hermit in Italy how he could venture to live alone, in a single cottage, on the top of a mountain, a mile from any habitation? He replied, that Providence was his next-door neighbor.

~ **Laurence Sterne**



VIA NEGATIVA

Why no! I never thought other than
That God is that great absence
In our lives, the empty silence
Within, the place where we go
Seeking, not in hope to
Arrive or find. He keeps the interstices
In our knowledge, the darkness
Between stars. His are the echoes
We follow, the footprints he has just
Left. We put our hands in
His side hoping to find
It warm. We look at people
And places as though he had looked
At them, too; but miss the reflection.

R.S. Thomas (1913–2000)

Brood vir die pad

**Onderwyser tot heilige verklaar:
Suider-Afrika se ‘hemelse vriend’**

Leon Mostert

Suider-Afrika se eerste Katolieke heilige – ’n laerskoolonderwyser van Thohoyandou – het inderdaad as ’n martelaar vir die Christelike geloof gesterf, skryf Leon Mostert.

Benedict Daswa is verlede Sondag in 'n heilige mis in 'n stuk veld by Tshitanini naby Thohoyandou voor sowat 15 000 mense salig verklaar.

Die voorval wat tot sy saligverklaring gelei het, het op 2 Februarie 1990 gebeur toe weerlig 'n paar hutte getref het in die omgewing waar hy gewoon het.

Inwoners is gevra om 'n bydrae te lewer om 'n toordokter in diens te neem om die heks op te spoor wat vir die weerlig verantwoordelik was.

Daswa het geweier. Hy is toe gestenig en met knuppels doodgeslaan.

In die geval van 'n martelaar soos Daswa moet daar voldoende bewyse wees dat hy wel sy lewe vir sy geloof gegee het.

Wanneer iemand uiteindelik salig verklaar word, beteken dit dat hy in 'n bepaalde streek as "hemelse vriend" aangeroop en vereer mag word – vereer, nie aanbid nie, slegs God kan aanbid word.



Daswa is op 16 Junie 1946 in Mbahe in Limpopo (destyds Noord-Transvaal) gebore. Hy was lid van die Lemba-stam (wat deel van die Venda-volk is) en sy ouers het hom 'n Venda-naam gegee, Tshimangadzo, wat "wonderwerk" beteken.

Hoewel hy in 'n huis grootgeword het waar die tradisionele stamgodsdienste beoefen is, het hy uit eie oortuiging die Christelike geloof aangeneem en op 21 April 1963 is hy in die Katolieke Kerk aangeneem en gedoopt.

As leuse het hy die spreuk "Bid en werk" van sy beskermheilige, St. Benedictus, aanvaar.

Hy het as laerskoolonderwyser gekwalifiseer en is in 1977 as hoof van die Nweli Primary School aangestel.

Hy het sy personeel met wysheid en integriteit gelei en in sy verhouding met sy leerlinge was liefde altyd die dryfveer.

Daswa is in 1980 met Shadi Eveline Monyai getroud. Hy was 'n liefdevolle eggenoot en goeie pa vir hul agt kinders. Gebed was die fondament van hul gesinslewe. As kategeet het Daswa gehelp met die opbou van die plaaslike kerkgemeenskap.

Wanneer die priester nie beskikbaar was nie, het hy die eredienste gelei.

Hy was 'n besondere rolmodel vir jong mense en hy het hulle altyd aangemoedig om goeie en vrugbare lewens te lei en sterk te staan in hul geloof.

Hy was veral besorg oor siek mense en het uit sy pad gegaan om die kwesbares en dié in die tronk by te staan.

Hy was besonder vrygewig met sy hulp aan die armes en behoeftiges.

Daswa was 'n natuurlike leier en was sekretaris van die plaaslike hoofman se kraal. Sy eerlikheid en integriteit, en sy liefde vir die waarheid en nederigheid het daartoe gelei dat almal hom gerespekteer het.

Daswa het sterk standpunt ingeneem teen bygeloof en die beoefening van toorkuns wat so deel was van die plaaslike gemeenskap se kultuur.

Hy het vas geglo dat dit onversoenbaar was met sy Christelike geloof en hy het hom in die openbaar daarteen uitgespreek.

Onskuldige mense en dié aan die rand van die samelewing is dikwels daarvan beskuldig dat hulle hekse is en is gevolglik vermoor.

As opregte Katoliek het Daswa die lewe as heilig beskou en was geglo dat dit altyd eerbiedig en beskerm moet word.

Hy was ook gekant teen die gebruik van moetiese kruisemengsels wat kwansuis beskerming teen die bose of sukses in sport, sake of ander aktiwiteite sou verseker.

Uiteindelik het dit tot sy dood gelei nadat die weerlig die hutte getref het.



Sy saligverklaring verlede Sondag was 'n heel besondere geleentheid vir die Katolieke Kerk in Suider-Afrika.

Kardinaal Angelo Amato, prefek van die Kongregasie vir Heiligverklarings, was die hoofpriester by die heilige mis. Daar was ook honderde ander priesters en 'n groot aantal biskoppe.

Hiermee gee die Katolieke Kerk erkenning dat Daswa, soos St. Paulus dit beskryf het, nie vir homself geleef het nie, maar Christus toegelaat het om deur hom te lewe.

Van die vroegste tye af glo Christene dat gelowiges wat hier op aarde geleer het om volmaak lief te hê soos Christus ons geleer het ná hul afsterwe as hemelse voorbidders optree vir hul geloofsfamilie in hierdie wêreld.

In die vroeë kerk was dit veral diegene wat as martelaars vir die geloof gesterf het wat as heiliges vereer is.

Mettertyd het die kerk 'n proses ontwikkel vir die heiligverklaring van 'n persoon. Die proses word begin deur die plaaslike biskop wat die aanvanklike ondersoek van stapel stuur en inligting insamel.

Die persoon se aardse lewe word deeglik ondersoek deur veral die getuënis van ooggetuies.

Die bevindings word Rome toe gestuur na die Kongregasie vir Heiligverklarings en indien dié saamstem met die plaaslike bevindings, word die titel "Eerbiedwaardige Dienaar" aan die mens toegeken. Dan stel die kongregasie twee beamptes aan, die relator en postulator. Die relator staan ook bekend as die "advocatus diaboli", oftewel duiwelsadvokaat, omdat daar van hom verwag word dat hy om objektiwiteit te verseker 'n heel kritiese houding teenoor die aansprake oor die mens se lewe sal inneem.

Die relator moet die tydperk, plek en sosiale omstandighede van die kandidaat se lewe noukeurig navors.

Die postulator (van die Latyn vir "om te vra") se rol is om die hele proses deur al die stadiums aan die gang te hou.

Al die dokumentasie word deur 'n spesiale kerklike regbank ondersoek. Wonderwerke op voorspraak van die afgestorwene is 'n voorvereiste vir elke stap van die proses en die geldigheid van dié wonderwerke moet deur bevoegde mense, soos mediese praktisyns, ondersoek word.

Indien verdere wonderwerke sonder enige twyfel toegeskryf kan word aan die voorspraak van die saligverklaarde, word die hele ondersoekprosedure herhaal en word die persoon uiteindelik heilig verklaar en kan hy deur die hele kerk op aarde om voorbeding aangeroop word.

Die Suider-Afrikaanse Biskoppe-konferensie het 1 Februarie aangewys as sy feesdag. Op die heilige se feesdag word 'n eie heilige mis van die betrokke heilige met eie gebede en Skriftekste gehou.

■ *Vader Leon Mostert is 'n priester in die Katolieke Kerk en lid van die Oratorium van St. Filip Neri in Oudtshoorn.*

<http://www.netwerk24.com/stemme/aktueel/2015-09-22-suider-afrika-se-hemelse-vriend>